NGUNI BEESTELERSGENOOTSKAP

OPLEIDINGSBELEID

(2 Februarie 2015)

Inleiding

Opleiding aan alle Nguniboere is ‘n belangrike diensfunksie van die Nguni Beestelersgenootskap. Die opleiding moet gefokus wees op die bedryf in geheel, stoet- en kommersiële boere asook studente aan landbouskole, landbou kolleges en universiteite.

Die doel van opleiding

Om bestaande en voornemende nguni telers te bemagtig met kennis m.b.t. al die fasette soos: geskiedenis, raskenmerke, rasstandaarde, administrasie, posisie in die mark, funksie van die belangrikste instellings, ens. Asook om die verskeidenheid telers te bemagtig om op dieselfde doelwitte te fokus sodat die spesiale eienskappe van die ras bewaar en beskerm word.

Wat moet die nguni teler weet?

1. Administrasie
2. Rekenaarprogramme rakende stoetteling
3. Algemene veekunde (ingesluit: finansies, personeel, biosekuriteit)
4. Veld- of weidingsbestuur
5. Basiese riglyne oor prestasiemeting
6. Praktiese demonstrasies oor raseienskappe – ken jou ras
7. Junior Inspekteurs
8. Senior Inspekteurs

Verskillende Kursusse

A. Induksie Kursus (Basiese kursus)

Sal gefokus wees op belangstellendes, studente, nuwe boere/telers en kommersiële telers

- Geskiedenis en Agtergrond van die ras en genootskap
- Wat is ‘n geregistreerde dier? (Die verskil tussen Genootskap en SA Stamboek se funksies)
- Rasegte kenmerke - beskrywing van ‘n vroulike en manlike dier
- Genetiese Afwykings
- Die rol van die nguni in die vleismark
- Prakties: Demonstrasie van rasegte diere en kruisdiere, merk van beeste, onthoring, ens.

B. Lede kursus

Nuwe lede is verplig om die kursus by te woon binne 12 maande vanaf aansluiting

- Tegnies en Administrasie
- Logix
- Rasegte Kenmerke van die Nguni – Beskrywing
- Rasstandaarde en Genetiese Afwykings
- Ekotipes – algemene inligting
- Inspeksies
- Prestasiemeting (Veldbultoetse en Katalogus)
- Praktiese demonstrasie in kraal waarby keurkaarte ingevul kan word
- Evaluasie

C. Junior Inspekteurskursus

Slegs vir lede wat al ‘n Lede kursus bygewoon het en 2 jaar of meer ‘n kudde bestuur het.

Junior inspekteurs kry ook verdere opleiding deur saam met senior inspekteurs inspeksies te doen.

- Tegnies en Administrasie
- Rasstandaarde
- Genetiese Afwykings
- Inspeksies: Administrasie
  Gedrag en verantwoordelikhede van ‘n Inspekteur
- Teorie eksamen
- Praktiese demonstrasie en eksamen

D. Inspekteurs Opknappingskursus

Alle inspekteurs moet bogenoemde kursus ten minste elke 2de jaar, maar verkieslik jaarliks bywoon. Hierdie kursus is nie net om beeste te inspekteur nie, maar ook om inspekteurs te bemagtig om telers op ‘n kundige wyse te adviseur en die beleid van die Nguni Beestelersgenootskap oor te dra.

- Administrasie: alle veranderings aan vorms en kodes
- Oorsig oor rasstandaarde
- Probleme
- Prakties

Aanbieders

Induksie – kursus:
1. Agtergrond, Geskiedenis, en Administratiewe inhoud: die Tegniese beampte van die kantoor, ‘n Raadslid of Inspekteur.
2. Rasegte kenmerke, Genetiese Afwykings en Prakties: ‘n Senior Inspekteur.

Lede-Opleiding:
1. Tegnies, Administrasie en Logix: Verkieslik die Tegniese beampte van die kantoor, ‘n Raadslid of Senior Inspekteur, indien die Tegniese beampte nie beskikbaar is nie.
2. Die res van die onderwerpe: ‘n Senior Inspekteur wat deur die Raad aangewys is om opleiding te hanteer

Junior Inspekteursopleiding: 1. Tegnies en Administrasie: die Tegniese beampte van die kantoor

2. Die res van die onderwerpe: ‘n Senior Inspekteur in die streek/klub en wat deur die Raad aangewys is om opleiding te hanteer.

Inspekteurs opknappingskursus: 1. Administrasie: die Tegniese beampte van die kantoor.
2. Die res: die Raadslid verantwoordelik vir Inspeksies of Opleiding.

Kursus Materiaal

Alle kursus material, aanbiedinge en vraestelle moet deur die raad goedgekeur word en is die eiendom van die Nguni Beestelersgenootskap

Jaarlikse Opleidingsprogram

1. Die Genootskap se program vir opleiding sal jaarliks teen 31 Oktober vasgestel wees vir die daarop volgende jaar. Die datum sal op die amptelike kalender asook die Genootskap se webblad aangebring word.
2. Daar sal ‘n minimum van twee Lede kursusse per jaar aangebied word in onderskeidelik die noordelike en suidelike deel van die land soos bepaal deur die raad. Die beplanning van geskikte lokale en kuddes sal in samewerking met die betrokke klubs en raadslid vir opleiding geskied.
3. ‘n Minimum van een Junior Inspekteurskursus per twee jaar sal aangebied word.
4. ‘n Minimum van twee inspekteurs opknappingskursusse sal per jaar aangebied word, waarvan een tydens die Algemene Jaarvergadering van die NBG in Bloemfontein gehou sal word of soos bepaal deur die Raad.
5. Die datum vir opleidingskursusse moet ten minste twee maande voor die tyd per sms aan al die lede gestuur word.
6. Alle kommunikasie rakende die reëlings word deur die Genootskap se kantoor gedoen.

Kursus Kostes

Die raad sal jaarliks ‘n begroting vir opleiding vasstel.

Induksie kursus:
Vir die kursus sal ‘n registrasiefooi, soos deur die raad bepaal, betaalbaar wees. Koste van akkommodasie en etes word deur die kursusganger betaal. ‘n Kursus mag, maar hoef nie, ‘n ete met konferensiefasiliteite insluit.

Lede- en Junior Inspekteurskursus:
Vir die kursusse sal ‘n registrasiefooi, soos deur die raad bepaal, betaalbaar wees. Koste van akkommodasie en etes word deur die lede betaal. ‘n Kursus mag, maar hoef nie, ‘n ete met konferensiefasiliteite insluit. Die Nguni Beestelersgenootskap sal slegs vir een persoon per kudde se kostes betaal. Alle addisionele persone is verantwoordelik vir die volle kursuskostes.

Inspekteurs opknappingskursus:
Inspekteurs wat die opknappingskursus tydens die Algemene Jaarvergadering bywoon sal vir reiskostes met 100 km deur die NBG gesubsidieer word.
Aanbieders se akkommodasie, etes, reis en dagfooie sal deur die Genootskap betaal word soos bepaal deur die Raad.

Opleidingsmateriaal

Alle opleidingsmateriaal wat gebruik word in aanbiedinge sal vooraf deur die raad goedgekeur en aan die aanbieders verskaf word. Die amptelike opleidings CD soos deur die raad goedgekeur, sal vooraf aan voornemende kursusgangers gepos word om as voorbereiding te dien. In sekere gevalle sal die CD in ‘n hardekopie beskikbaar wees.
Eksamenvraestelle vir die Junior inspekteurskursus:

Drie verskillende vraestelle en memorandums sal opgestel en goedgekeur word deur die raadslid verantwoordelik vir opleiding tesame met twee senior inspekteurs. Vraestelle word afgewissel. Die vraestelle moet ook van tyd tot tyd opgedateer word om by die rasstandaarde of enige ander wysigings aan te pas. Vir die praktiese eksamen mag 10 tot 12 diere waarvan helfte vroulik en helfte manlik gebruik word. Die diere moet vooraf deur ten minste 2 senior inspekteurs uitgesoek en geklas word.

Die slaagsyfer vir teorie: 75% en prakties: 80%. Die vraestelle word gemerk deur ‘n senior inspekteur en/of ‘n raadslid. Grensgevalle kan, met motivering, in oorleg met die kursusaanbieders oorweeg word. Kandidate moet binne 10 dae na afloop van die eksamen per epos of faks in kennis gestel word van hul uitslae. Die kantoor sal daarna ‘n amptelike brief, met sertifikaat waar van toepassing, per pos aan die suksesvolle kandidate stuur.

NBG se Webwerf

Basiese administratiewe prosedures moet op die webwerf beskikbaar wees:
Soos byvoorbeeld:

- Prosedure om ‘n geregistreerde dier wat aangekoop is na die koper se naam oor te dra
- Toediening van die regte brandmerk aan kalf wat saam met moeder aangekoop is
- Toediening van die regte brandmerk aan kalf wat in eie kudde gebore is
- Prosedure om die geboorte van ‘n kalf aan te meld by SA Stamboek
- Wanneer word ‘n kalf gemerk en hoe?
- Wanneer moet ‘n dier geïnspekteer word?